21 Gebede

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Esra se gebed

## Esra 9:6-15

*Die tradisie teken Esra as 'n tweede Moses. Eintlik moet ons Esra beskou as 'n gids wat maniere ontwikkel het om lojaal te bly aan die gees en tradisie van die ou bedeling wat terugwys na Moses.*

*Hierdie gebed is 'n skuldbelydenis van die sondes wat die volk deur die jare heen begaan het.*

*Om vergifnis te aanvaar is die kreatiefste en opbouendste ervaring wat jy kan beleef naas heelmaking.*

*Esra se gebed gaan oor belangrike sake in die veranderende politieke en maatskaplike situasie van daardie tyd. Om duidelikheid te kry oor moeilike sake waarvoor ons te staan kom, vra dat ons eerlik in gebed voor God sal kom jammer sê.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas die gebed by jou lewe in?*

*Watse emosies kom na vore as jy die gebed lees?*

*Bid hierdie teksgedeelte.*

*Skuldbelydenis maak die vensters van jou siel oop sodat jy oop kan wees vir God se manier van doen.*
*(Bybel 24/7)*

Huiskerk
Quellerina Gemeente

21 Gebede

# Esra se gebed

Die goddelike reaksie op sonde sien ons uit Esra se gebed is om dit te bely sonder verskoning voor die God van genade.Is daar iets op jou hart wat jy wil deel met God?

Belydenis erken die absolute geregtigheid van God in al Sy handelinge met ons. Waar ervaar jy die Here se leiding in jou lewe?

Belydenis stel ons in staat om nederig tot God te nader. Hoe beleef jy God se voorsiening in jou lewe?

Belydenis stem saam met die manier hoe God ons sonde sien/oordeel. Ons maak maklik ons sondes klein. Waar kort jy genade in jou lewe?

Belydenis nooi die sondaar in God se onverdiende genade in, deur Sy Seun Jesus Christus.